# Radiografiese beelding 182 (RAW 182)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 seminaar per week, 1 besprekingsklas per week, 1 lesing per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Radiografie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Inleiding: ontdekking van X-strale, prosesseringsbeginsels, hantering van X-straalapparaat. X-straalbundel: opwekking van X-strale, attenuasie. Eienskappe van die radiografiese beeld: sigbaarheid en geometriese eienskappe. Beeldvorming: wisselwerking tussen X-strale en die menslike liggaam en voorwerpkontras. Primêre beligtingsfaktore: mAs, kVp en FFA. OBT. Beginsels van tegniekkaarte. Beeldvaslegging: donkerkamers, kassette, intensiveerskerms, doeltreffendheid van seldsame aardmetaalintensiveerskerms, en X-straalfilmkonstruksie. Beheer van strooistraling: ontstaan van strooistraling, effek van strooistraling op die beeld, bundelbeperkingstoestelle, roosters en roosterdoeltreffendheid. Geometrie: fokuspuntgrootte, FFA, VFA, X-straalbundel/liggaamsdeel/ filmopstelling, invloed van afstande en ander veranderlikes op geometriese eienskappe van die beeld. Inleiding tot digitale radiografie.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.